



Toets: Kwartaal 2, 2022

Vraag 1: Getalle, bewerkings en verwantskappe

1.1 Rangskik die volgende getalle van klein na groot: (1)

500; 535; 35; 53; 55; 305; 335

--

1.2 Skryf die getalnaam vir elkeen van die volgende getalle neer: (5)

25	
93	
146	
202	
249	

1.3 Skryf die korrekte getalsimbool vir elke getalnaam neer: (5)

Vyfhonderd en drie	
Seshonderd ses en sewentig	
Sewehonderd en dertien	
Agthonderd nege en tagtig	
Eenduisend	

1.4 Skryf die waarde van die onderstreepte syfer in elke getal neer: (5)

<u>1</u> 37	
24 <u>5</u>	
3 <u>9</u> 9	
<u>4</u> 01	
47 <u>8</u>	

1.5 Voltooi die volgende tabel deur die woorde **kleiner as**, **groter as** of **is gelyk aan** te gebruik: (5)

353 is		335
450 +10 is		461
378 verminder met 5 is		373
Die helfte van 440 is		202
55 meer as 345 is		400

1.6 Tel die volgende getalle op:

1.6.1 $45 + 337 =$

1.6.2 $251 + 142 =$

(1)	(1)

1.7 Trek die volgende getalle van mekaar af:

1.7.1 $186 - 34 =$

1.7.2 $374 - 122 =$


(1)

(1)

1.8 Kleur die breukdele in:


(5)

1.8.1




1 HALWE / $\frac{1}{2}$

1.8.2




3 VYFDES / $\frac{3}{5}$

1.8.3




2 KWARTE / $\frac{2}{4}$

1.8.4



2 SESDES / $\frac{2}{6}$

1.8.5



5 AGSTES / $\frac{5}{8}$

[30]

Vraag 2: Getalpatrone

2.1 Voltooi elkeen van die volgende getalpatrone:


2.1.1 333; ____; 331; 330; ____ (2)

2.1.2 424; 426; ____; ____; 432 (2)

2.1.3 244; 248; ____; 256; ____ (2)

2.1.4 650; ____; 550; ____; 450; 400 (2)

2.2 Brei die volgende patroon een keer uit: (1)



--

[9]

Vraag 3: Woordprobleme

3.1 In die graad 4-klas moet daar sitplek vir 28 leerders wees. Indien 4 leerders in 'n ry sit, hoeveel rye banke is daar in hierdie klas? (1)

3.2 Leslie kan 3 bome op 'n dag plant. Indien Leslie vir 4 weke lank elke Vrydag, Saterdag en Sondag bome plant, hoeveel bome het hy altesaam geplant? (2)


3.3 Pieter maak tydens markdag 'n wins van R464 en Gideon maak 'n wins van R153. Hoeveel meer wins het Pieter as Gideon gemaak? (1)

3.4 'n Supermark het 555 blikkies kondensmelk Saterdagoggend gehad en teen die einde van die dag word daar slegs 201 op die rak getel. Deur die dag is diefstal van 12 blikkies aangemeld. Hoeveel blikkies kondensmelk is gedurende die dag verkoop? (2)

[6]

Vraag 4: Ruimte en Vorm

Kyk na die volgende 3D-diagram en teken dan die vooraansig en bo-aansig. (2)



Vooraansig

Bo-aansig

[2]

Vraag 5: Meting

5.1 Voltooi:

5.1.1 3 weke = ____ dae (1)

5.1.2 4 dae = ____ ure (1)

5.1.3 5 ure = ____ minute (1)

5.1.4 2 minute = ____ sekondes (1)

5.2 Omkring die swaarste item: (1)

A: 2 kg bakstene

B: 3 kg suiker

5.3 Omkring die grootste hoeveelheid: (1)

A: 5 liter verf

B: 2 liter melk

C: 500 milliliter water

5.4 Skat die lengte van jou werkboek: _____ (1)

5.5 Skat die afstand tussen jou huis en die skool: _____ (1)

[8]

Totaal: [55]